ADVENTKALENDER

(Met erkenning aan ds Rethie van Niekerk, NG Somerstrand, Port Elizabeth)

2 Vertel vir mekaar wat julle elkeen se gunsteling deel van vanoggend se erediens was.	3	4 Bid dat julle hierdie Advent baie sal onthou van Jesus.	5 Lees Matteus 1:18-25	6 Koop 'n geskenk vir behoeftige kinders.	7 Mamma en pappa vertel hoe hulle Kersfees gevier het toe hulle kinders was.	8 Lees Lukas 3:1-6 en gesels oor wat julle daarin hoor.
9 Gesels oor vanoggend se erediens - wat het die Here vir julle gesê?	10 Elkeen vertel wat die beste deel van hierdie jaar was. Sê vir Jesus dankie daarvoor.	11 	12 In watter land is Jesus gebore? Baie mense in daardie land ken nie vir Jesus nie! Bid dat hulle vir Jesus sal leer ken.	13 Maak 'n kerskaartjie... vat dit vir iemand wat alleen is.	14	15 Lees Lukas 3:7-18. Wat sê Jesus daardeur vir julle?
16 Gesels oor vanoggend se erediens. Hoe loof ons God in die erediens?	17 Lees Matteus 2:13-14	18	19 Vertel van een ding waarvoor elkeen hoop vir volgende jaar. Bid daarvoor.	20 Maak 'n pakkie met Wet Wipes, Purity, Vaseline, ens. Bring dit Kersdag saam kerk toe.	21 Vertel vir elkeen in die gesin hoekom hulle 'n spesiale geskenk vir julle gesin is.	22 Lees Lukas 1:39-45. Wat is jou gunsteling deel van die verhaal?
23 Lees Lukas 1:46-56. Watter lied wil jy graag vir Jesus sing?	Terwyl julle by jul Kersboom sit, lees Lukas 2:1-20 (of voer dit op!)	25 Geseënde Kersfees!		Met Advent sien ons uit na Jesus se koms. "Advent" beteken letterlik "koms". Ons tel die dae af na Kersfees, maar sien ook uit na Jesus se wederkoms. Ons nooi Jesus om elke dag deel te wees van ons lewens. 'n Adventskalender help ons om die dae af te tel na Kersfees toe. Dit leer ons van afwagting en geduldige wag. Tel die dae na Kersfees af deur elke aand by aandete daardie dag se aktiwiteit te doen.		